Een Man Kan ´n leermeester wees

Een man kan optree teen uitbuiting



AKSIEBLAD: LEERMEESTERS

> 'n Skoolmeisie stamp 'n skoolseun se boeke uit sy hande. Hy skree op haar omdat sy so lomp is. Die onderwyser sien dit, weet nie hoe om op te tree nie en jaag hulle aan na die volgende klas

In nog 'n skool voel 'n onderwyser oorweldig en uitgeput nadat sy nie 'n uiters ontwrigtende student kon beheer nie. Sy weet dat hy by die huis blootgestel is aan voortgesette geweld en is nie seker wat om te doen nie.

In 'n skoolraadsvergadering vier ouers, onderwysers en studente, wat nie lank gelede nie vasgevang was in konfrontasies oor seksuele tiestering op skool, die herdenking van 'n nuwe inisiatief wat daarop gemik is om mansstudente aan te moedig om geweld teen vroue en meisies uit te daag.

In 'n personeelkamer en later in die saal, praat 'n skoolhoof met die onderwysers en leerders oor die belangrikheid van gesonde verhoudings en herinner hulle aan die skool se beleid wat seksuele teistering en afspraakgeweld verbied

Onderwysers – moedig mans aan om standpunt in te neem teen huishoudelike en seksuele geweld

Daar word vandag 'n beroep op jou as onderwyser gedoen om iets te doen aan 'n groot probleem in die samelewing: geweld teen vroue en kinders.

Elke onderwyser het 'n groot invloed op die houdings en waardes van die leerders met wie hulle in kontak kom. Groot onderwysers het egter nog altyd meer as net die leerplan onderrig. Hulle leer eer, volharding, selfrespek, dissipline, spanwerk en respek vir ander.

Deur jou manlike leerders te leer dat jong vroue verdien om met eer en respek behandel te word en dat geweld nie gelykstaan aan krag of manlikheid nie, sal jy jou jong mans help om van die belangrikste vaardighede in die lewe te ontwikkel.

Om in staat te wees om leerders doeltreffend op te voed, moet skole en onderwysers verhoudingsgeweld ernstig opneem. Leerders wat tuis blootgestel is aan geweld is dikwels te omgekrap om op hulle skoolwerk te konsentreer. Leerders wat self verkrag of mishandel is, is dikwels te getaumatiseer om te leer. Om te reageer op seksuele en huishoudelike geweld en dit te keer moet 'n primêre kommer wees vir alle skoolpersoneel, vir die skoolbeheerraad en vir ouers.

EEN MAN KAN 'N VERSKIL MAAK.

EEN MAN KAN GEWELD STOPSIT.

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan



Wat kan onderwysers doen om seuns en jong mans aan te moedig om meer aktief te wees in die beëindiging van geweld teen vroue en kinders?

1. Verstaan die uitwerking van geweld: Geweld meng in met studente te vermoë om te leer en veroorsaak ongekende stres by die reeds moeilike werk van onderwysers en administrateurs. Leerders wat in huise woon waar geweld algemeen is, sukkel om op skool te konsentreer. Hulle sit dikwels in die klas met hulle aandag wat afgetrek word deur die geweld wat hulle beleef het of die moontlikheid dat hulle ma aangerand kan word. Die angstigheid van kinders wat blootgestel is aan geweld kan veroorsaak dat hulle ontwrigtend is. Dit kan hulle ook teruggetrokke en terneergedruk maak. Seuns wat blootgestel is aan huishoudelike geweld sal meer waarskynlik as hulle maats geweldadig wees in hulle verhoudings en ontwrigtend op skool as hulle nie die hulp kry wat hulle nodig het nie. Hulle sal meer waarskynlik dwelms en alkohol gebruik. Meisies wat geweld gesien of ervaar het, sal meer geneig wees om as tieners swanger te word, of selfmoord probeer pleeg, dwelms en alkohol gebruik en eetversteurings hê.

2. Skep 'n fisies en emosioneel veilige skoolomgewing: Ontwikkel 'n omvattende skoolbeleid wat geslagsgebaseerde geweld verbied, wat 'n Gedragkode insluit wat taal en gedrag verbied wat seermaak of neerkom op afknouery of teistering. Integreer geweldsvoorkomingsboodskappe in die bestaande skoolleerplan (sien voorbeelde hieronder). Nooi 'n organisasie wat met mans werk om 'n bespreking vir jong mans aan te bied oor verhoudings. Nooi gassprekers. Gassprekers van plaaslike agentskappe het direkte kennis oor die uitwerking van geslagsgebaseerde geweld en kan hulle ondervindings deel met studente en die skoolpersoneel.

3. Maak jou sienings duidelik: Definieer jou sienings oor wat dit beteken om 'n man te wees. Verduidelik dat jy gekant is teen geweld teen vroue en dat jy dit as ernstig sal beskou as jy geweld sien gebeur of taal hoor wat afspraakgeweld op enige manier aanmoedig.

4. Wees 'n model van respek en integriteit: In jou interaksie met vroue en meisies - onder wie jou vrou en dogters - moet jy altyd respek en integriteit toon. Moet nooit neerhalende aanmerkings maak oor vroue en meisies nie. Leer deur jou optrede jou leerders die belangrikheid van respek - vir jouself en vir ander.

5. Moedig leerders aan om mekaar te steun: Maak dit duidelik dat jy van leerders verwag om te praat wanneer hulle hoor van geweld of dreigemente van geweld. Moedig hulle aan om nie-geweldadig te bly. Herinner hulle daarvaan dat goeie vriende mekaar help om te verander en om die beste mense te wees wat hulle kan.

6. Maak ouers betrokke en voed hulle op: Gebruik seminare, vergaderings, nuusbriewe en e-posse met inligting oor geslagsgebaseerde geweld en die skoolprogramme wat in plek is om ouers te bereik om dit te voorkom. Praat oor afspraakgeweld in ouerkonferensies en help ouers om te verstaan wat hulle kan doen om hulle kinders te help om gesonder verhoudings tuis en op skool te ontwikkel.

7. Identifiseer en nooi nie-regeringsorganisasies om op skoolbeheerraadvergaderings te praat oor geweld, afknouery en seksuele teistering. Daar is baie organisasies wat met mans in gemeenskappe werk in baie dele van die provinsie en die land.

8. Hou jou mede-onderwyers aanspreeklik: 'n Verslag deur die menseregteorganisasie, Human Rights Watch, met die titel "Bang op skool: Seksuele geweld teen meisies in Suid-Afrikaanse skole" toon dat onderwysers dikwels verantwoordelik is vir huishoudelike en seksuele geweld wat gepleeg word teen meisies in hulle skole. As 'n onderwyser het jy 'n wetlike en etiese verpligting om vinnig en kragtig te praat en te eis dat onderwysers wat die regte van meisies skend, in hegtenis geneem, vervolg en gevonnis word.

9. Verskaf opleidingsmateriaal vir leerders, ouers en kollegas: Werk met jou kollegas saam om materiaal te skryf wat jy saam met studente huis toe kan stuur om ouers te bereik wat nie skoolgeleenthede bywoon nie. Skoolpersoneel kan help om families uit te ken wat geweld ondervind deur die telefoonnommers van agentskappe en brosjures as verwysing beskikbaar te hê (lees die gids hier onder).

10. Leer studente van gesonde verhoudings: Dink aan die talle maniere waarop jy inligting by jou huidige klasse kan integreer oor alternatiewe vir geweld. Byvoorbeeld:

- Leerders in 'n wiskundeklas kan help om 'n anonieme skoolpeiling te ontwikkel en te analiseer wat hulle eweknië se houding en optrede oor geweldadige verhoudings meet.
- Leerders in 'n rekenaarklas kan brosjures maak dat uitgestal kan word in die skoolkantoor, personeelkamer en biblioteek, of ontwerp 'n webblad vir die skool se intranet.
- In 'n lewensoriëntasieklas kan studente bestaande skoolbeleid hersien oor seksuele teistering en seksuele geweld. Bespreek of bykomende beleid nodig is om studente te beskerm wat teikens van dié soort gedrag is. Hulle sal dalk hulle gedagtes op skrif wil stel in die vorm van 'n voorstel aan die skoolhoof of skoolbeheerraad.
- In 'n dramaklas kan jy studente 'n opvoering help ontwerp wat die alternatiewe tot afspraakgeweld wys. Sluit die rolle in wat vriende, familie, onderwysers, omstanders, 'n huishoudelike geweldsberader, gemeenskapsgroepe en andere kan speel om geweld te voorkom.
- Ken toneelstukke, flieks of blyspele uit wat gesonde of ongesonde verhoudings uitbeeld en bespreek dit.
- Moedig studente in 'n kunsklas aan om 'n plakkaat te ontwerp oor afspraakgeweld.
- Beplan 'n skool- of gemeenskapstaptog in 'n liggaamlike opvoedingklas saam met jou studente om die gemeenskap op te voed oor geweld teen vroue.

Lees die Diensverskaffersgids in die Een Man Kan-aksietoerusting vir inligting oor waar om hulp te kry, of besoek ons webwerf www.genderjustice.org.za/onemancan

Met dank vir die klaskameraktiwiteite aan die Amerikaanse Balieraad se Tienerafspraakgeweld-voorkomingsinisiatief www.abanet.org/unmet/teendating/toolkitinstructions.pdf

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Photos by Louise Gubb • Oscar Guiterez • Dean Peacock
Design by Limeblue +27 11 482 9470